# JAC WALTERS

**Datum:** 7 Februarie 2011
**Plek:** SA Agulhas
**Vraagsteller (V):** Lize-Marie van der Watt | Geskiedenis Departement |Stellenbosch Universiteit
**Antwoordsteller (A):** Jac Walters | 3e Navigasie Offisier | SA Agulhas | 2011

**V:** Hierdie is 'n mondelingse geskiedenis onderhoud met Jacobus [Pryzer] Walters, derde navigasie offisier op die SA Agulhas. Ons is hier iewers in die middel van die suidelike oseaan. Jy behoort te weet, presies waar ons is? Waar is ons?

**A:** Drie-en-sestig grade.

**V:** Jislaaik. Ons vorder goed.

**A:** Ja nee.

**V:** En dit is vandag die 7 Februarie 2011. Nou die eerste ding wat ek graag wil weet: Hoe het dit gekom dat jy op die SA Agulhas is en na die eilande in Antarktika toe vaar?

**A:** Wel ek het begin met Smit deur om die Africana, wat ook navorsing doen om die kus van Suid-Afrika en toe het hulle vir my gevra... my benader, om te kom laas jaar. En ek het gekom en ek het dit geniet. En ek het weer gevra of ek hierdie jaar kan terug kom. En toe het hulle vir my "ja" gesê.

**V:** Maar hoe het dit begin dat jy enigsins begin werk het op skepe?

**A:** Wel ek het groot geword langs die see, so vir my is dit tweede natuur. Dit is die enigste ding wat ek wil doen.

**V:** Was Smit die eerste maatskappy vir wie jy gewerk het?

**A:** Nee. Ek het my training gedoen by SAF Marine en toe was ek drie jaar in daardie company. En toe het ek terug gegaan na die visvanggemeenskap toe, want my pa-hulle het hulle eie visvangfabriek. Toe het ek daar gewerk vir drie jaar en toe het ek weer terug gekom na die kommersiële kant toe.

**V:** Maar jy het nou net gesê, jy was laas jaar vir die eerste keer af?

**A:** Ja.

**V:** Antarktika toe?

**A:** Ja.

**V:** En jy het dit baie geniet? Wat het jy geniet?

**A:** Wel... dis 'n challenge elke dag. Dit is nie 'n baie veilige omgewing nie, en jy moet safe wees. En dis net lekker die navigasie deur die ys. Dis heel iets anders. Ok die jaar het ons nou nie so baie ys gehad natuurlik nie, maar dit is sê nou maar iets waarvan ek hou. Jy moet die heeltyd 'n pad veg deur die ys en dis vir my lekker.

**V:** Is dit 'n ander soort uitdaging as om met mense te werk om die kus van Suid- Afrika? Soos sê nou maar vissermanne of so?

**A:** Nee dis hele anderster... mens kan sê die industries is twee heeltemal verskillende wêrelde. Kyk by visvang het jy maar 'n baie klein groepie mense, daar is nie baie economics om die mense nie. Ons is soos 'n klein familietjie, hierso is dit bietjie groter, so ek bedoel jy kry 'n bietjie van 'n groter prentjie wat in die wêreld aangaan, as jy op so skip werk.

**V:** So jy was laas jaar ook derde offisier gewees?

**A:** Ja laas jaar ook derde offisier.

**V:** Nou dink jy, jy sal weer wil terugkom volgende jaar, of die einde van hierdie jaar?

**A:** Ek dink ek sal nou een jaar eers weer Desember by my familie spandeer en dan sal ek die volgende jaar sal ek kom.

**V:** En Mariaan en Gough?

**A:** Mariaan en Gough sal ek doen hierdie jaar. Ek sal nou die dignitary trip wat ons nou het, daardie een gaan ek nou doen en dan gaan ek dalk die tweede een ook doen.

**V:** Ook weer as derde offisier?

**A:** Ja ons sal maar sien. Ek weet nie hoe ver my promotion is nie. Dis nie up to me nie, so.

**V:** Het jy aansoek gedoen vir 'n...?

**A:** Nee jy doen nie aansoek daarvoor nie.

**V:** O doen hulle maar net?

**A:** Dit is as hulle iemand nodig het om te gaan.

**V:** So jy was nog nie op Marion of Gulf nie?

**A:** Nee ek was al by Marion met die Africana gewees. Maar ek was nog nie met die SA Agulhas nie, maar ek het die Tristan/Gough voyage gedoen laas jaar.

**V:** Met die Agulhas?

**A:** Ja met die Agulhas.

**V:** En kon jy aan land gaan?

**A:** Ja ek was by Tristan, was ons aan die wal gewees. Maar by Gough nie.

**V:** En by Marion, met die Africana, of het julle net daar verby gevaar?

**A:** Nee dit was actually net 'n.... dit was 'n media groep, wat daarna toe gegaan het. Hulle het 'n program gaan doen oor Marion.

**V:** Oor die Urban Brew [studios]mense?

**A:** Ja Urban Brew. Ons het hulle daar gaan aflaai, so hulle het die Africana gecharter spesiaal vir die trip af. So toe het ons daardie gedoen.

**V:** Nou wat is die groot verskille tussen 'n skip soos hierdie en 'n fish-trawler? Ek bedoel....

**A:** Wel die groot verskil tussen die twee, is maar die tipe werk wat dit doen. Kyk die visvang gemeenskap staan bekend om nogal rowwe see aan te vat, om geld te maak. Hierso het jy nie heeltemal daardie kommersiële druk nie. So dit is baie meer relaxed. As jy die werk kan doen, dan doen jy dit. So jy doen dit baie veiliger, as wat jy nou het op visvang bote. Dit is hoekom soveel vissermanne eintlik sterwe op see. Dit is as gevolg van, hulle doen baie gevaarlike werk en hulle word gedruk deur die feit dat hulle net betaal word vir wat hulle vang. So daar is nie 'n vaste salaris per maand nie.

**V:** En wat is die uitdagings in Antarktika? Wat sou jy sê is die singular grootste uitdaging in 'n voyage af Antarktika toe?

**A:** Wel daar is nie eintlik net een nie. Ek bedoel, die grootste uitdaging is basies, gewoonlik om daar te kom. Behalwe nou hierdie jaar was dit nou soos 'n breeze gewees. En dan natuurlik om jou cargo af te kry. Dit is nogal moeilik en so slag-slag dan tense dinge ook maar 'n bietjie op, maar dis maar normaal, ek bedoel, ons wil almal maar so vinnig as moontlik en so veilig as moontlik die goeters doen. En partykeer dan verstaan die departemente mekaar nie. So daar kom 'n bietjie friksie, maar ons werk dit uit. Ek bedoel dis mos nou maar deel van die werk.

**V:** So watter tipe skip is die Agulhas nou? Is dit 'n navorsings skip? 'n passasiers skip? ʼn cargo skip?

**A:** Wel as ek nou eerlik moet sê, dit is 'n baie moeilike vraag. Want ek bedoel, ons doen navorsing, ons het passasiers aan boort en ons het ook vrag. So jy kan ook half sê ons is 'n combination van alles. Die vrag wat ons bring is essential vir die operations op Antarctica. Hulle kan dit nie eintlik in vlieg nie, want dit is te veel cargo. So hulle het 'n skip nodig. Die navorsing wat hulle hierso doen is rêrig baie goed. Want baie min skepe kom eintlik so ver suid, om te sien wat aangaan met die... die oseane. So jy kan nie eintlik sê een van die dinge is meer belangrik as van die ander nie, want dit gaan half hand in hand.

**V:** En hoe is dit om met navorsers te werk? En wetenskaplikes?

**A:** Ag die meeste van die tyd is dit baie lekker. Dis 'n hele anderster vibe op die skip. Dis nie net mense wat... Kyk ons raak maar baie one-track minded, dan begin ons net praat oor werk en werk en werk, so om bietjie navorsing en ander mense op die skip te hê is eintlik lekker, want jy kan afskakel van jou werk af en meer 'n normale lewe lei.

**V:** Sou jy sê daar is 'n redelike interaksie tussen die offisiere en die passasiers, of is dit maar baie beperk?

**A:** Ag kyk die tydjies wat jy nou af het, dan is dit nogal lekker om so nou en dan te gaan praat met die scientists en te gaan hoor hoe gaan dit met hulle, en wat hulle doen. Want dit is ook vir my nogal interessant, die seestrome en die figther plankton en al daardie goeters, dit is vir my interessant om te sien, waar hulle bloom. En ek bedoel, omdat ek nou maar 'n visserman is, wil ek nou maar weet van hierdie goeters. So ja dis iets anders.

**V:** Is die Africana ook 'n droë skip?

**A:** 'n Droë skip?

**V:** Dry-ship?

**A:** O met die... drank-gewys. Ja. Almal is dit.

**V:** Almal?

**A:** Die hele Smit-fleet is dry.

**V:** Is dit as gevolg van daardie een moord dat die hele Smit-fleet droog is, of is dit maar net 'n algemene beleid?

**A:** Ja dit is mos nou maar so dat al die skepe begin almal droog raak. So ek bedoel, dit was maar net 'n kwessie van tyd. So, daar is baie voordele daarvan om 'n droë skip...

**V:** Is daar nadele?

**A:** Ja jou mense wat daar werk, raak 'n bietjie tensed-up, en hulle kry nie daardie wegbreek nie. Jy breek nie...

**V:** So toe jy nou daar was het jy kans gehad om die Polarstern te sien en, of aan wal te gaan?

**A:** Ja. Ek was op Southern Thule. Daar was net ek, en een van die cadettes, en die twee weer ouens. So ons was net vier wat toe aan wal gegaan het daar.

**V:** En hoe lyk Southern Thule?

**A:** Wel, die weerstasie wat daar was, is nogal taamlik *messy*. En verder is daar baie lewe, baie pikkewyne. Daar is 'n groot colony en dis nogals mooi.

**V:** Geniet jy seelewe?

**A:** Ja

**V:** Watter aspekte daarvan?

**A:** Alles. Dis lekker. Dis uitdagend. Dis nie soos jou alledaagse kantoorwerk nie.

**V:** En hoe sal jy Marion beskryf, vir iemand wat nog nie daar was nie?

**A:** Kyk ek dink nie jy moet vir my vra oor Marion nie. Dis nou nie een van my gunsteling plekke nie.

**V:** Hoekom nie?

**A:** Nee die weer is taamlik rof. Kyk as jy daarnatoe gaan, moet jy weet jy gaan ten minste een of twee kouefronte slaan. En jy gaan hard slaan.

**A:** Die skip kan nie eintlik vorentoe gaan nie. Ons gaan nie op ons koers bly nie. Ons gaan net om die skip gemaklik te hou. So wat ons doen is, ons probeer om hom so stadig as moontlik te hou, in die wind en in die branders in. Sodat hy net op en af beweeg, en nie rol kant toe en tiep nie... Die ding is, Marion is nie 'n lelike eiland nie, maar ek hou meer van Prince Edward en Gough. Want Prince Edward is nog glad nie aan geraak nie. Soos jy weet, Marion het al 'n paar uitvalle gehad, van muise en katte toe. En dit het toe die ander lewe op begin te eet, soos die voëls en so. Maar ok, dis nou onder beheer. Maar Prince Edward nog altyd is vir my soos hierdie, hoe kan mens sê, ongeslypte diamant. Daar kom net een keer in vier jaar mense op hom.

**V:** Fantasties. En as jy nou die kans kry om op die nuwe skip te vaar, dink jy, jy sal nogal 'n loopbaan daaruit wil maak? Om na die Suidelike Oseane toe te vaar, of nie rêrig nie?

**A:** Ja, of course sal ek. Dit is vir my 'n lekker werk. Dit is wat ek sê. In die eerste plek: jy werk met Suid- Afrikaners. En ek is 'n set patriot. Ek hou daarvan om saam met my eie mense te werk, wat dieselfde belangstellings het. So dit is lekker om die crew te hê van Suid-Afrika, en, natuurlik, ek is groot in Afrikaans. So daar is 'n hele paar Afrikaanse mense waarmee jy kan praat. So dis lekker.

**V:** Is hierdie skeepslui meer Afrikaans as sê nou maar ander op ander skepe, wat nie deur die regering gecharter word nie?

**A:** Die ding is... Kyk ons international trade language is mos Engels, so op die brug praat ons Engels. Maar as ons nou in ons aftyd is, is dit lekker om te kommunikeer met Afrikaanse mense, want ek voel ons is uniek in die wêreld. Ons het ons eie kulture, en ons verstaan mekaar baie goed.

**V:** Iets heeltemal anders. Het jy soos 'n gunsteling seevoël, of so iets?

**A:** Ja. 'n Snow petrel. Dit is vir my baie mooi.

**V:** O dis 'n baie mooi voel?

**A:** Nee hy is klein, nippy, vinnig. Ek hou daarvan. Plus hy sê vir jou waar die packed ice is. Dis ook nogal 'n positiewe punt as jy hier rond seil.

**V:** Nou tot dusver, jou loopbaan op die ys, as ek so kan sê. Het jy 'n hoogtepunt? Kan jy iets

uit...

**A:** Ek weet nie die eerste keer was dit vir my soos 'n sprokiesverhaal. Verstaan ? Die eerste keer wat ek hier in geseil het, was dit vir my amazing. Ek meen, die ysberge is vyf, ses, sewe tot 'n honderd keer groter as die skip. En hulle beweeg... So dit was vir my amazing om te sien hoe die hele ekosisteem actually werk. Dit was vir my wonderlik om te sien hoeveel... Ek het geweet pikkewyne is hier, maar die ander voëltjies wat hier rondvlieg. Dis nogal amazing, want jy sal dink hier sal nou maar net pikkewyne wees. Nou sien jy hier is variety van seevoëls en al sulke goed.

**V:** Jou eerste vaart af, was dit gewees saam met Kaptein Hall?

**A:** Ja saam met Kaptein Hall.

**V:** En sit hulle die offisiere, dis nou vir die rekord, ook deur...

**A:** ...initiation?

**V:** ...deur koning Neptune gegroet?

**A:** Yes. Of course.

**V:** Wie was koning Neptune gewees? Kan jy onthou?

**A:** Ja. Adriaan, DCO Adriaan.

**V:** Het jy vooraf daarvan geweet of al... of gehoor?

**A:** Kyk die ding is, as jy daar bo werk is dit baie moeilik vir hulle om dit vir jou weg te steek net wie jy is. Want jy kry die vibes baie gou. Ja ons was ook hierso bietjie vasgedruk en 'n bietjie pak gegee. Maar presies dieselfde wat met julle gebeur. Dis 'n tradisie. En ek moet eerlik wees, ek hou van tradisies.

**V:** En was jy al oor die ewenaar gewees op 'n skip?

**A:** Ja met SAF Marine.

**V:** So is jy toe ook gegroet?

**A:** O ja. Bietjie erger, maar daar is dit net seemanne, so jy kan maar dink, dit ruk 'n bietjie meer handuit. Daar is nie baie kompassie en liefde vir mekaar nie.

**V:** En hoe is die verhouding tussen die offisiere en die skeepslui? Op hierdie skip sou jy sê?

**A:** Dis die?

**V:** Die verhouding tussen die offisiere en die skeepslui?

**A:** Goed. Ek moet sê die skip wat ons hierso het, het baie nice offisiere. Daar is nie eintlik groot friksie nie. Daar is maar hierdie klein bumps, maar jy gaan dit altyd kry.

**V:** Wat dink jy maak 'n goeie kaptein van navorsingskip? Watter spesiale skills moet hy hê? Moet hy diplomaties wees?

**A:** Baie diplomaties. Stel dit so, hy moet vir jou vertel om te vlieg en jy moet vir hom dankie sê daarna. Dis hoe diplomaties hy moet wees. Hy moet regverdig wees. En dis slag-slag baie moeilik, want jy sit tussen twee of drie departemente. Elkeen wil sy eie ding doen. Jou scientists wil scientist-werk doen. En jou DCO wil basies sy mense aan wal kry en sy goeters begin en aflaai. Partykeer is daar konflik tussen die twee of drie werke wat ons doen. Dit is hoekom ek sê, dit is 'n multi-purpose vessel. En ons moet probeer dat al die kante saamwerk, want saam maak hulle die Agulhas. Die Agulhas is nie net een ding nie.

**V:** Dink jy 'n mens kan geheg raak aan 'n skip soos die Agulhas?

**A:** Een van die goeie dinge van hierdie skip, wat ek hou daarvan – ander mense hou nie daarvan nie, ek weet nie, hulle dink nie dit is cool nie – ek dink 'n ou skip, sy is drie-en-dertig jaar oud, en sy het nog baie, as jy kyk na die meubels en so, dit is nie hierdie hospitaal stoeltjies wat jy kry nie. Daar is nog regte hout in haar, en ek was nou al op vragskepe wat splinternuut is. En dit lyk soos 'n hospitaal. Dit lyk so half soos 'n office space.

**V:** Ek het fotos gesien van die Agulhas in die negentien-tagtigs, en die gordyne is nog presies dieselfde. Dis soos karakter.

**A:** Ja, dis een ding van haar, sy het 'n baie groot karakter aan haar, sy het ook 'n klomp tradisies. En dis hoekom ek sê, jy kan half sê, jy moet bevoorreg voel om hier te sit. As gevolg van... veral as 'n offisier. Hulle vat nie sommer enige iemand nie. Die ding is die company sê vir hulle, jy het nou die, die, en die available. En daarvan af moet die kaptein nou maar sy keuse maak. Maar die kaptein kry 'n baie groot inset op die crew wat hy saamvat. As gevolg van, dis 'n lang trip. So jy moet mense kry wat saam met mekaar kan werk. Sodra jy een vrot appeltjie binne die mandjie gooi steek dit mekaar aan en dit kan baie lelike gevolge hê. Soos

jy weet ons drank is weg, maar dit beteken nie daar kan nie goeters gebeur soos opvlammende fights.

**V:** Ja, mens kan nog steeds kwaad raak vir mekaar.
Dis soos wat ek sê, mense sê daai was alkohol-based, maar volgens wat ek weet, was nie net alkohol based nie. Daar was ook maar baie haat tussen die twee. Jy gaan dit in enige community kry, no matter hoe klein, daar gaan altyd crime wees. Dis mos nou maar wat gebeur.

**V:** In die skeepsomgewing, word dit nogal gesien as iets wat lekker is om te doen, of het dit 'n reputasie... om op die Agulhas te wees? Ek bedoel is dit iets wat mense graag wil doen? Of wat is die... Wat ek eintlik wil weet is, wat is die reputasie van die Agulhas, in die skeepsmarine wêreld?

**A:** In die marine wêreld? Dit word gesien as 'n skip wat... Daar is net een so skip. Vir die Suid-Afrikaners is dit almal soos 'n goue eiertjie. Hulle is mal oor die Agulhas, as gevolg van die werksopset en soos wat ek sê ons het unieke werke wat ons doen. Ons vat net vir voorbeeld: die Southern Thule. Dit is nie normaal om 'n rubber-duck te vat en dit op 'n pebble beach te gaan land nie. Jy probeer die klippe gewoonlik vermy.

**V:** Was jy stuurpersoon gewees van die rubber-duck?

**A:** Ja ek was die cockswain in die rubber-duck.

**V:** Die wat noem hulle dit?

**A:** Die cockswain.

**V:** Die cockswain. In die rubber-duck.

**A:** Dit was fun.

**V:** Ek kan dink. Ek het al gesien op Marion vat hulle mos soms die rubber-duck, vir die inspeksies, voor hulle die helikopters vat.

**A:** Ja maar gewoonlik gaan hulle mos [Turn/Central] point toe. Dan tel hulle die meeste van hulle daar op. [Turn/ Central] point daarso is lekker. Ek moet sê dit is baie beskermd. Laas toe ek daar was, was dit taamlik lekker gewees.

**V:** O is daar enige legendariese persoonlikhede op die Agulhas? Waaraan jy nou kan dink? Wat mense vertel, ja daardie kaptein van die Agulhas, of ja daardie bosun?

**A:** Dis wat ek vir jou sê, daar is 'n klomp stories op die skip, en van hulle is spook stories. Van dit is net lekker tye wat mense onthou het, die skip het baie memories vir baie mense. So ek bedoel mense waarmee jy sal moet praat oor sulke goed, sal soos die bosun wees, en die kaptein. Want hulle is al langer as ek hier. Ek is nog net twee jaar hier. Ek hoor die stories, maar ek bedoel... Ja hulle het meer, hoe sal mens sê, experience.

**V:** Maar dis goed om te weet daar is karakter aan die skip en aan die voyages.

**A:** Oh, yes. Ek bedoel elke, dis soos wat ons nou Gough Island toe gaan. Die visvang. Dis groot kompetisie tussen die crew en...

**V:** O het julle gaan visvang? Ja ek weet hulle vang vis van die eiland af ook.

**A:** Nee ons vang baie vis. Ons probeer die vis spesie uitroei as ons daar kom.

**V:** Waarmee vang julle vis?

**A:** Handlyne.

**V:** Handlyne? So staan julle hier op die...

**A:** Almal staan op die main deck. Ek bedoel, ons het visvang dae. Soos wat ons sal sê: "Ok, ouens almal na twaalf uur". Dan begin ons maar net visvang. Dan is dit die crew en ons almal staan daarso. Mense drink lekker koeldranke en vang vis.

**V:** Wie wen gewoonlik?

**A:** Ag nee die crew is baie meer as ons. En natuurlik die crew is, hoe kan 'n mens sê... van hulle is stout. Hulle gooi sommer lyne in voor die tyd. Hulle los hulle lyne in die water en dan loop hulle vorentoe. Dan gaan werk hulle 'n bietjie en dan kom voel hulle of daar nie 'n vis is nie.

**V:** En die volleyball wat julle gespeel het?

**A:** Soos jy weet, ek was in die verloorspan gewees.

**V:** Ook maar net?

**A:** Ja wel, ons het verloor. Maar dis lekker. Dit bring gees daar. Ek weet nie of julle die foto's gesien het of die video clips nie?

**V:** Nee ek sal dit nog gaan kry.

**A:** Dit was mal gewees.

**V:** Dit wat julle daar in die heli-rec gespeel het

**A:** Ek bedoel al die matches, jy kan amper..

**V:** Wie het dit gereël? Was dit die oseanograwe?

**A:** Nee. Dit is 'n tradisie van die skip. Basies. Ons speel elke jaar volleyball of krieket, of so iets. Hierdie jaar het die volleyball net tot op 'n ander vlak gegaan, natuurlik. Want dit het alles begin met die catering[crew]. Want die catering[crew] het gekom, en hulle het almal hulle wit hempies. Daardie deurskynende wit hempies, het hulle goed op geteken. En "catering" en al sulke goeters opgeskryf. En ek moet sê, elke tournament het die catering dit net 'n stap hoër gevat. Lateraan het hulle banners gehad en vuvuzelas.

**V:** E toe kry almal soos T-shirts...

En ja ons het tweede T-shirts gehad, wat gesponsor is deur die Second Engineer se vrou. Gelukkig. Sy is 'n artist. So sy het vir ons hemde gemaak. So het dit maar net aangegaan.

**V:** Ag lekker. En sulke goed bou seker lekker gees as jy so ver weg is van die huis...

**A:** Oh ja. Kyk dit laat die ouens 'n bietjie heeltemal wegbreek van werk af en oor wat hulle worry. Ek bedoel, enige seeman sal vir jou sê, om hier te sit... jy moet hier sit om jou geld te maak. Maar ons het nog altyd 'n lewe ook by die huis. Ons doen dit omdat ons lief is hiervoor, maar as jy begin om 'n familie te hê... jou denke gaan ook baie uit vir jou familie. Veral as daar nou moeilike tye kom.

**V:** Ja ja. Iemand is siek of....

**A:** So sulke goeters soos volleyball... Die kaptein veral, is baie erg oor sy sport. Hy hou daarvan, want hy sê dit breek die ouens weg. Dan tense die ouens nie so op vir mekaar, en raak kwaad vir mekaar nie.

**V:** Ja dit channel jou energie bietjie anders?

**A:** En ek bedoel jy kan jou aggressie uithaal op die veld. So dit is altyd goed.

**V:** En julle het darem die kaptein en die chief-mate in julle span gehad. En julle het nog steeds verloor? Hoe was dit moontlik?

**A:** Jy het nog nie vir Lotters hulle gesien nie. Nee die crew is baie competitive.

**V:** Op 'n goeie manier?

**A:** Nee ag. Ek bedoel, die... Ek gaan nou eerlik wees. Die bosun-hulle het ons nie uitgehaal nie. Dit was die catering. Hulle het net baie meer wengees gehad. Ek weet nie hoe hulle dit gedoen het nie. Ek is tot nou toe verstom. Maar ek is eerlik. Hulle was die beter span op daardie veld gewees. Ons het probeer. En hulle het net harder terug gekom.

**V:** Is hierdie skip, 'n ander atmosfeer as julle net op die buoy-run is ? En daar baie minder mense is.

**A:** Baie rustiger. Kyk dis rustig en dan is dit 'n klein crew. En die mense is meer bymekaar. Waar nou sal jy weer sien. Die crew moet nou onttrek, dat daar nie te veel interaksie is nie. Jy wil nie hê jou crew moet te veel interaksie hê nie.

**V:** Dat hulle aandag te veel dwaal nie?

**A:** Ja. Want die ding is, as jy baie mense het, kry jy gewoonlik dat die ouens begin foute maak en so. So wat jy wil vermy. Ek weet jy weet nou van die nuwe reël wat ingestel is, dat ons nie mag visitors op die brug kry nie. Maar dis net basies vir wanneer ons nou in lae visibility is, en in die ysvelde. Dis soos wat die kaptein sê: "Dis net 'n precaution". Sodra ons...

**V:** Ja ek het gesien toe ons nou gebackload het, wat daar staan: "non-essential personnel".

**A:** Asseblief. Ja. Dis ook maar net, omdat as ons daar werk, ons... Ons het drie verskillende radio's. Ek bedoel, die kaptein moet die skip beheer. Ons help die kaptein. Ons doen flight drops, partykeer. Alles in een. En as jy 'n klomp mense het, wat praat of lag... Dit is distracting vir die kaptein en vir ons. En as ons met mekaar moet praat. En ons moet begin skree op mekaar, om bo die geraas uit te kom, dan gaan dit nie goed werk nie.

**V:** Dit is vir my in elk geval baie verbasend, hoe maklik mens in die brug kan instap, anyway.

**A:** Ja-nee. Maar kyk, ons probeer die brug oop hou vir die passasiers. Omdat dit nog al die jare

so gedoen was. Die passasiers was nog al die jare allowed om op te kom, vrae te vra en so. Want dit is deel van die Agulhas tradisie, om die mense te leer, wat gaan aan op die skip. En omdat sy ouerige skip is, het sy nog baie van die ou equipment, wat nuwe skepe nie meer het nie. En as gevolg van daardie, is dit ook een van die redes, hoekom ek van haar hou. Sy het 'n...

**V:** Sy sal 'n fantastiese museum maak.

**A:** Ek sal haar nie 'n museum wil maak nie.

**V:** Nie? Sal jy haar dan net scuttle?

**A:** Nee. Ek sal haar aanhou seil. 'n Skip soos hierdie, om haar uit haar pride uit te haal... Dis haar werk. Dit sal verkeerd wees.

**V:** Ok. Dit gaan mos nou 'n opleidingskip word? So ver ek weet.

**A:** Ja wel, so iets kan sy gaan doen. Ek dink sy sal 'n briljante opleiskip maak. Maar ek glo nie jy moet vir haar vasmaak aan 'n kaai, en haar net laat lê nie. Die ding is, vir my, 'n skip is gemaak om te seil.

**V:** Seil. In die see te wees.

**A:** Dit is vir my hartseer om te sien, as 'n skip langs die kant lê en net vrot raak. En niemand kyk na haar nie. Dit is vir my 'n groot ding.

**V:** Dink jy, jy gaan probeer om op die laaste voyage te wees? Van die Agulhas.

**A:** Ek dink nie ek gaan dit maak nie. Dit sal volgende jaar wees en dit sal dan die derde jaar wees wat ek ook dan nou nie baie aandag aan my familie gee nie. So hulle gaan begin...

**V:** Jy cheat op hulle, met die Agulhas!

**A:** Ja. Nee. My pa is maar baie 'n ou decent mens. Hy hou daarvan as die familie eenkeer 'n jaar bymekaar kom. Ek moet ook seker maar vir hom luister. So nou en dan.

**V:** Het jy nou die geleentheid gehad om af te klim op die ys ook? Of laasjaar?

**A:** Laasjaar het ons op die ys gaan rondloop. Die jaar, die kondisies was nie goed nie.

**V:** Ja die mooi weer was nie vir julle so mooi soos wat dit vir ons was nie.

**A:** Nee kyk die ding was, as ons, ons personnel hoist kan gebruik, dan sit ons die mense op die ys. Maar die ding is, soos jy weet, ons het nooit die personnel hoist eers probeer nie. As gevolg van die boeg wat te veel beweeg. As die boeg twee meter op en af gaan, is dit baie moeilik om die kruin stabiel genoeg te hou om iemand af te laai. En die kaptein was bang iemand kry seer.

**V:** O ja natuurlik. Ek sal in elk geval nie as die boeg so gaan nie.

**A:** Ok. Ag jy kry 'n paar mal mense soos ons. Ons sal dit doen. Die kaptein... Gelukkig is die kaptein hier om te kyk dat ons nie onsself doodmaak nie.

**V:** Baie dankie. Is daar iets wat jy wou by sê?

**A:** Nee wat dis alles. Nes ek wou gehad het.

**V:** Ja baie dankie Jac...